# 24

## IEMAND VIR WIE EK OMGEE

# Maak Kerskaartjies vir die gemeente

***PRAKTYKLES***

**ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet verstaan dat Kersfees ’n tyd van blydskap is.

**AANBIEDING**

**JY HET NODIG**

Skryfbehoeftes om Kerskaartjies mee te maak.

**KOM ONS BEGIN**

Open met gebed, en lees Lukas 2: 1-10 voor.

**VANDAG LEER ONS**

**BEGIN SO**

Kersfees is ’n tyd waarin mense bly is omdat Jesus Christus as die Verlosser gebore is. Ons deel hierdie blydskap wat ons het met mekaar. Ons doen dit byvoorbeeld deur vir mekaar ’n Kerskaartjie te gee waarin ons sê dat ons bly is en vir dié vir wie ons die kaartjie gee, ’n geseënde Kersfees toe te wens.

**IETS OM TE DOEN**

- Laat die kinders hulle eie kreatiwiteit gebruik en twee of drie Kerskaartjies maak vir die gemeente.
- Reël dat hulle volgende Sondag die Kerskaartjies wat hulle gemaak het aan spesifieke mense uitdeel – bejaardes, kategete, ’n ander klas se kinders, ensovoorts. Maak seker dat daar genoeg is.

**AFSLUITING**

Wens almal ’n lekker vakansie en ’n geseënde Kersfees toe. Sluit af met gebed.

# *Hersiening*

## LES 12

**SELFMERKVRAESTEL**

**Ek het genoeg tyd om antwoorde in te vul. Ek merk my eie vraestel met die kategeet se hulp aan die einde.**

1. Watter woord of woorde dink jy is die beste?

- Wie het besluit dat ons aan God moet behoort? (*God self / ek / my ouers / die dominee)*
- Daar is 'n ..... tussen ons en *God*: Hy sal altyd vir ons ... *(Muur / ooreenkoms / Satan / God / sorg / bang wees)*
- Jesus se ...... die dood wys dat *God* mag het oor die dood. (*verwerping van / opstanding uit / God / 'n mens)*
- Ons ... bang wees vir die dood nie, want dit kan ons nie ...... weghou nie. (*moet / moet nie / van God af / van die skool af)*
- Die dag waarop ons Jesus se dood herdenk, noem ons ....... *(Paassondag / Goeie Vrydag / Kersfees / dodedag)*
- Die dag waarop ons sy opstanding uit die dood herdenk, noem ons ....... *(Bartolomeusnag / Advent / Paassondag)*
- Ons moet vir almal die ...... vertel dat Jesus uit die dood uit opgestaan het. *(fabel / slegte nuus / goeie nuus / mite)*
- Om jouself te ......, beteken dat jy nie die belangrikste is nie, maar dat God die belangrikste is. (*verloën / verag / verwens / prys)*
- Ons dra ons ...... wanneer ons eerder doen wat God van ons vra as dit wat mense van ons vra. (*kruis / wapens / verlossing / geloof)*
- Ons ...... Jesus as ons maak soos Hy sou maak. (*volg / bespot / verraai)*

2. Waar/vals?

- Die water en wyn is simbole van Jesus se liggaam en bloed.

| | |
|---|---|
| WAAR | VALS |

- Wanneer ons die tekens van brood en wyn sien, dink ons aan die verlossing wat Jesus vir ons gee deur sy kruisdood.

| | |
|---|---|
| WAAR | VALS |

- Jesus het die Nagmaal ingestel.

| | |
|---|---|
| WAAR | VALS |

- Ons vier die Nagmaal sodat God ons daardeur kan herinner dat Hy vir ons lief is en vir ons die verlossing gee in Jesus Christus.

| | |
|---|---|
| WAAR | VALS |

- Moses het die opdrag gegee dat mense gedoop moet word.

| | |
|---|---|
| WAAR | VALS |

- Bekering beteken: Jy draai weg van die verkeerde manier van lewe en draai na God toe om jou deur die Heilige Gees krag te gee om te begin lewe soos wat God van jou vra.

| | |
|---|---|
| WAAR | VALS |

- *Die Heilge Gees het ons verlaat* op pinksterdag.

| | |
|---|---|
| WAAR | VALS |

- *Drieduisend* mense het op pinksterdag tot bekering gekom.

| | |
|---|---|
| WAAR | VALS |

- Net grootmense mag gedoop word.

| | |
|---|---|
| WAAR | VALS |

3. Onderstreep die regte antwoord.

- Wat het God aan Abraham belowe? *(Dat daar nooit weer oorlog in die wêreld sal wees nie / dat Hy altyd sy God sal wees en hom altyd sal help / dat hy 'n slaaf in Egipte gaan wees)*

- Geld hierdie belofte ook vir ons? *(Ja, ons is deel van Abraham se nageslag / Nee, ons is nie Jode nie / Ja, want ons gaan ook eendag in Haran bly)*

- Hoe kan ons seker wees dat God se belofte aan Abraham ook vir ons bedoel is? *(Ons kan nie seker wees nie / Ons is net sulke goeie mense soos hy / God verseker ons daarvan deur die Doop)*

4. Trek 'n streep deur die sin(ne) wat nie reg is nie.

- Ons hoor elke Sondag die Here se wet in die erediens.
- As kinders van God is dit ons verantwoordelikheid om elke dag gehoorsaam aan Hom te wees.
- Ons moet God teleurstel en lelike en slegte dinge doen.
- Kinders van God gee om vir ander mense.
- Wat God van ons vra, is belangriker as wat mense van ons vra.

5. Jesus se dissipels het die mense wat hulle kindertjies na Jesus toe gebring het, weggestuur. Watter sin(ne) is verkeerd? Trek 'n streep daardeur.

- Jesus het gesê dat hulle nie die kinders moet verhinder nie.
- Kinders is vir Jesus nie belangrik nie.
- Jesus is lief vir kinders.
- Jesus leer ons dat kinders ook plek het in die kerk.
- Almal – kinders, diakens, ouderlinge en die dominee – is ewe belangrik in die kerk.
- Kinders het niks te doen in die gemeente nie.

6. Trek hier ook 'n streep deur dit wat verkeerd is.

- God het my liefgehad nog voordat ek gebore is.
- Wanneer ek bang en bekommerd is, weet ek dat God nog steeds vir my omgee.
- God ken my beter as enige iemand anders. Daarom gaan Hy my veroordeel en verdoem.
- God se wet is die kompas om ons te help om in die regte rigting te lewe sodat ons by ons bestemming kan uitkom.
- God se wet is ook die lig wat op ons lewens skyn sodat ons kan sien waar ons ongehoorsaam is en verkeerd doen.
- Sonder God se wet gaan ons verkeerde dinge doen sonder dat ons dit eens agterkom.
- Dit is nie nodig dat ons ons lewens voortdurend sal meet aan God se wet nie.

7. Skryf in jou eie woorde wat die volgende beteken:

- Hoe voel jy daaroor dat God jou Syne gemaak het?

  ........................................................................................................................

- Beteken om God se kind te wees ook vir jou iets vir jou toekoms?

  ........................................................................................................................

  ........................................................................................................................

- Wanneer jy 'n mooi ding gemaak het, wat doen jy daarmee?

  ........................................................................................................................

- Sal God vir altyd vir ons lief bly, of kan dit gebeur dat God sal verander?

  ........................................................................................................................

- Wat beteken dit om gedoop te wees –

  - in die Naam van die Vader?

    ..............................................................................................................

  - in die Naam van die Seun?

    ..............................................................................................................

  - in die Naam van die Heilige Gees?

    ..............................................................................................................

    ..............................................................................................................

    ..............................................................................................................

8. Voltooi die sin.

- Die genade van die Here Jesus Christus en die ..........................................................

  ........................................................................................................................

  ........................................................................................................................

- Ek het jou ........................................................................................, jy is Myne.

- Jesus het gesê: *Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want* ...........................................................................................................................

  ...........................................................................................................................

## LES 21

1. Ek vul die antwoorde in.

   - Wat is 'n erediens?

     ...........................................................................................................................

   - Waarom sing ons tydens die erediens?

     *Met ons sang* ......................................................................., *ons* ...................... .......................................................... *voor Hom,* .......................................................... ...................., *en* ........................................................................., *vir alles wat Hy vir ons doen en dat Hy vir ons sorg.*

2. Kies die regte woord.

   - Met dwelms ....... ons ons liggame.

| | | |
|---|---|---|
| besoedel | versterk | versier |

   - Ons liggame is 'n tempel van God, en daarom is daar plek ........

| | | |
|---|---|---|
| vir dwelms | vir afgode | vir God alleen |

   - Mense wat dwelms misbruik, word vasgevang in 'n web waar ........

| | | |
|---|---|---|
| dit met hulle goedgaan | hulle liggame vergiftig word en waaruit hulle later nie meer kan kom nie | hulle niks nodig het nie |

3. .......................................... het mag, maar God is magtiger.

4. Ons *dien* alleen vir God en leef ....................................................... aan Hom.

5. Waarom was Petrus in die tronk?

   ...........................................................................................................................

6. Waarheen het Petrus heel eerste gegaan nadat hy uit die tronk bevry is?

.......................................................................................................................................

7. Waarom het hulle vir Petrus gehelp?

.......................................................................................................................................

8. Hoekom gee ons vir mekaar om?

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

9. Wat is die opdrag waarmee God die mens geseën het? (Genesis 1: 28)

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

10. Wat bedoel Paulus wanneer hy sê dat 'n mens se liggaam nie bedoel is vir seksuele losbandigheid nie, maar daar is vir die Here? (1 Korintiërs 6: 14)

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

11. In watter verhoudings mag mense seksueel met mekaar verkeer?

.......................................................................................................................................

12. Is seksuele losbandigheid iets wat bestaan slegs tussen mense van dieselfde geslag?

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

13. Wat beteken dit dat ons liggame aan die Here behoort?

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

14. Vul die ontbrekende woorde in die volgende sinne in:

- As jy ................................................................................ bely dat Jesus .......................... ............................................ en met jou ..................................... glo dat God ................. .................................................................................... het, sal jy ........................................ word. Want met die ........................................... bely ons en ons word ........................... ........................................, en met die hart .......................................... ons en ons word ...................................................

15. Sê of die volgende waar of vals is, en gee ’n rede vir jou antwoord:

- Wanneer ek belydenis van geloof aflê, belowe ek aan God dat ek diensbaar sal wees in die Kerk, en dat ek graag in die gemeente sal werk en so ook my deel doen.

| | |
|---|---|
| WAAR | VALS |

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

- Verduidelik wat die volgende beelde in Psalm 23 beteken:

- Die Here is my Herder.

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

- Al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie.

........................................................................................................................

........................................................................................................................

........................................................................................................................

........................................................................................................................

........................................................................................................................

........................................................................................................................